

7 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18-31  
Fokusgedeelte 1 Korintiërs 1:18-31

### Christus die krag en wysheid van God

Van die vroegste tye af probeer die mens om van die dood, en veral die ewige dood – ons laaste of grootste vyand (1 Kor 15: 26) – af weg te kom. Die logiese was om dit te soek in krag en wysheid. Die Egiptenare het lyke gebalsem en die farao's het al hoe groter piramides gebou. Die Grieke het die antwoord in wysheid gesoek en die Jode in wondertekens. Vandag vestig baie hul hoop op 'n mediese wondermiddel of behandeling – of selfs in die soeke na kontak met intellektuele wesens in die hemelruim. Maar dit gaan met al die pogings soos met 'n piramide: Hoe hoër dit word, hoe kleiner word die boonste punt tot dit eindig in 'n nul. Hoe meer *wondermiddels* iemand drink, hoe vinniger vergiftig hy sy liggaam – en hoe gouer sterf hy. Hoe meer die mens dus van die dood probeer wegkom, hoe minder kry hy dit reg.

Toe God egter deur die kruisdood van sy Seun die dood *aangeval* het, het dit na dwaasheid gelyk. Maar dit is juis die wysheid van God: Gaan die dood in, konfronteer dit, ontketen 'n oorlog daarteen. Deur die dood te oorwin, het Christus nie net die ewige lewe vir ons moontlik gemaak nie, maar daarmee saam wat in vers 30 staan: “die vryspraak, die heiliging en die verlossing.” Wat vir die mens net 'n droom was en bly, het deur Christus Jesus waar geword. Daarom dat die apostel van die kruisdood van Jesus kon spreek as *die krag en die wysheid van God*. (Vergelyk vs 18 en 24.)

*Ds. Fanus Heystek (Emeritus)*